SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 21 DESEMBER 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

NOMINASIES VIR SARL RAAD EN INDIEN VAN MOSIES VIR DIE AJV

SPESIALE STASIE TER HERDENKING VAN DIE SLAG VAN BLAAUWBERG

HUNTING LIONS OP DIE LUG

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede.

NOMINASIES VIR SARL-RAAD EN INDIEN VAN MOSIES VIR DIE 2004 SARL-AJV

Gedurende November het alle dienende raadslede van die SARL aangekondig dat hulle na afloop van volgende jaar se AJV bedank ten einde in ooreenstemming met demokratiese beginsels aan lede die geleentheid te bied vir die verkiesing van 'n volle nuwe raad. Dit is dus die ideale geleentheid vir alle lede van die SARL om die verteenwoordigers volgens hulle keuse as raadslede te verkies.

Nominasies vir kandidate moet skriftelik ingedien word, en elke nominasie moet deur 'n voorsteller en sekondant onderteken wees. 'n Motivering moet elke nominasie vergesel wat meer vertel van die kandidate, soos spesifieke kwalifikasies, vermoëns en lidmaatskap van verwante Amateurradio-organisasies, asook die kandidate se name, roepseine en adresse.

'n Skriftelike verklaring deur elke kandidaat moet sy nominasie vergesel waarin hy/sy hulle bereid verklaar om as 'n Raadslid te dien indien hy/sy verkies word.

Daar is ook nog geleentheid vir die indiening van mosies vir die 2004 SARL se Algemene Jaarvergadering by die die Liga-sekretaris. Die mosies moet geskrewe wees in die vorm soos wat dit tydens die AJV aangebied sal word. Dit moet deur 'n voorsteller en sekondant onderteken wees.

Alle betrokkenes, kandidate, voorstellers en sekondante, moet lede van die SARL wees.

Nominasies en mosies moet die Liga se sekretaris nie later as die 5de Januarie 2004 bereik nie, daar is dus nog net twee weke oor vir diegene wat nog nie aandag aan hierdie twee belangrike sake gegee het nie.

SPESIALE STASIE TER HERDENKING VAN DIE SLAG VAN BLAAUWBERG

Columbine Radioklub van die Weskaap sal die Slag van Blaauwberg herdenk met die bedryf van 'n spesiale stasie in die Blaauwberg-omgewing van die Kaapse Skiereiland.

Die Slag van Blaauwberg was 'n sleutelgebeurtenis tydens die tweede Britse besetting van die Kaap en het op 6 Januarie 1806, op 'n koppie wat oor Tafelbaai en Robbeneiland uitkyk, plaasgevind. Die spesiale stasie sal baie na aan die oorspronklike slagveld opgerig word en sal bedryf word vanaf 18:00 SAT op Vrydag 02 Januarie 2004 tot 12:00 SAT op Sondag 04 Januarie 2004.

Die spesiale roepsein is ZS1BLO en enkelsyband sal die primêre modus op die volgende frekwensies wees:

1,835 MHz 7,065 MHz; 14,165 MHz; 21,165 MHz; 28,465 MHz of laer, afhangende van QRM.

'n Spesiale QSL-kaart sal vir ZS1BLO uitgereik word en kan by die QSL-bestuurder by die volgende posadres verkry word:

ZS1BLO Posbus 180 Milnerton 7435.

Meer inligting oor die Slag van Blaauwberg en die spesiale stasie is beskikbaar op Columbine Radioklub se webwerf nl. www.qsl.net/zs1crc.

RADIO ZS

Onthou lede kan nou die Oktober - Desember uitgawe van Radio ZS vanaf die SARL se webwerf aflaai. Die redakteur versoek lede om artikels vir volgende jaar se uitgawes in te stuur na radiozs@sarl.org.za.

PLAAS JOU FOTO IN DIE SARL-ROEPSEINBOEK

Die SARL-roepseinboek laat jou nou toe om 'n foto by jou roepseinboekinskrywing by te voeg sodat persone met wie jy gesels het kan sien met wie hulle gepraat het.

Tans kan slegs lede fotos opsit, maar lede kan vir enigeen die werkie verrig. So, as jy 'n lid ken kry hom om jou foto vir jou te plaas, of, beter nog, sluit aan by

die SARL en geniet al die ander aanlynaanbiedinge waartoe lede toegang het.

Fotos moet in JPG-formaat wees en nie groter as 40 kilogrepe nie. Fotos vertoon op hul beste as hulle fisiese grootte 400x300 piksels is.

HUNTING LIONS OP DIE LUG

Die jaarlikse Hunting Lions op die Lug kompetisie word oor die naweek van 10 en 11 Januarie 2004 gehou. Die reëls is op die SARL se webwerf by www.sarl.org.za beskikbaar. Daar is nog genoeg tyd om jou plaaslike Lionklub te kontak en die nodige reëlings te tref.

DATUMS OM TE ONTHOU Die President se net op 28 Desember; Laaste dag vir indiening van mosies vir die AJV sowel as nominasies vir Raadslede kom vinnig nader, dit is 5 Januarie 2004. Finale datum vir die hernuwing van lidmaatskap van die SARL en te verseker dat jy stemreg behou, is 31 Desember, daar is dus nog net tien dae oor. 2 - 4 Januarie 2004 Spesiale Stasie ZS1BLO; 10 - 11 Januarie 2004 - Hunting Lions on the Air; 18 Januarie 2004 INTEGNET oor antennas; 23 - 25 Januarie 2004 PEARS BHF/UHF-kompetisie; 14 Februarie 2004 SARL Kinderdag.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Hierdie bulletin is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur ..... vanuit ..... as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem. Ons vertrou dat u goeie ontvangs geniet het.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou maar voor ons afsluit wens SARL-NUUS alle lede, luisteraars en intekenaars 'n geseënde Kersgety toe. Mag u reise, vakansie of tyd wat u saam met familie of vriende deurbring voorspoedig verloop en mag u die vreugde en vrede wat die Kerstyd meebring ervaar. Mag amateurradio ook bydra tot die ervaring daarvan.

Totsiens aan almal, tot volgende week.

/EX